# 'N BLAD UIT DIE JOERNAAL VAN 'N SIEKETROOSTER, 1709—1710

**Prof. C.F.J. Muller**
*Universiteit van Suid-Afrika*

Onder los dokumente afkomstig uit baie uiteenlopende oorspronge uit die jare van ongeveer 1690 tot ongeveer 1829 berus daar in die Kaapse Argiefbewaarplek op 'n enkele vel dik skryfpapier met twee regaf lyne links en drie soortgelyke lyne aan die regterkant 'n skrifstuk deur 'n onbekende sieketrooster. Die papier is sonder watermerk en is aan die onderkant gerepareer deurdat versterkende papier op die beskadigde gedeeltes geplak is. Die stuk begin met die volgende opskrif: "Juurnaal of Dag Register van gene mij als siketroster opt schip Amazona[1] is voor gevallen inden jare onses Heren 1709."[2] Dit lyk asof aan die bladsy 'n nommer tien gegee is. Op die agterkant van hierdie bladsy is die joernaal slegs 'n halwe bladsy lank voortgesit. Dan breek dit skielik af by 'n inskrywing teenoor 15 Oktober 1710. Die skrywer het dus sy jaar 1709, soos in die opskrif aangedui, verbygesteek. Slegs regs bo aan die halwe bladsy lyk dit asof 'n deel van die teks ontbreek — jammer genoeg net waar na 'n geveg met 'n Franse seerower of kaper verwys word. Vir die heel vroeë 18de eeu is daar min tekens van die ouer Gotiese handskrif. Oor die algemeen is die stuk in 'n kursiewe skrif opgestel wat blyke gee van heelwat skryfvaardigheid.

Die kort joernaal bestaan uit 'n aantal bondige inskrywings en strek oor bykans 22 maande. Die sieketrooster was aan boord van 'n vaartuig behorende aan die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, genaamd *Amasone* of *Amazona,* maar presiese besonderhede van waarvandaan die reis begin het en waar dit geëindig het (indien dit wel afgesluit is), word nie hier gegee nie. Die joernaal is toegespits op die hooftaak van die sieketrooster, naamlik om geestelike sorg en vertroosting te verleen aan bemanningslede wat aan boord die tydelike met die ewige verwissel het. Waar daar nie 'n predikant aan boord was nie, was dit die sieketrooster se verantwoordelikheid om toe te sien dat die nodige aandag aan matrose en soldate op hul siekte- en sterfbeddens gegee word. So 'n sieketroostersjoernaal werp dan ook lig op die getal sterfgevalle, die rede vir hul dood, hoe dikwels daar ongevalle was en moontlik die herkoms van die afgestorwe bemanningslid. En terloops kan inligting gegee word oor seegevegte, die hawens wat aangedoen is, die voorkoms van ongelukke aan boord, en die moontlike toename van skeurbuik namate die reis lank uitgerek is. Die sieketroostersjoernaal kan heeltemal verskil van die kapteins- of offisiersjoernaal, want laasgenoemde konsentreer gewoonlik op sake wat die veiligheid van die vaartuig geraak en in die breë op

*Graag bedank ek prof. M. Boucher, Geskiedenisdepartement, Universiteit van Suid-Afrika, vir die nalees van hierdie artikel. Vir menings hierin uitgespreek is die skrywer self verantwoordelik.

In ander dokumente kom die vorm *Amasone* meer dikwels voor. Aan hierdie vorm word dan ook voorkeur gegee.

2. Miscellaneous Documents 71, Kaapse Argiefbewaarplek . Alle verwysings in die sieketrooster se joernaal is na hierdie dokument.

aangeleenthede wat op die handelsbelange van die Oos-Indiese Kompanjie betrekking gehad het. Skeepsoffisiere stel dus veral belang in die weer, die aflaai van skeepsvrag, die inlaai van vrag en voedselvoorrade, die dros van bemanning, die koers en posisie van die vaartuig en waar ankerplekke gevind is. Daar is ook enkele punte van kontak tussen die belangstellingsterreine van die sieketrooster en die skeepsoffisier. Die oorboord val van 'n bemanningslid — waarvan 'n voorbeeld in ons sieketroosjoernaal gevind word — is een daarvan.

Die eerste inskrywing in die sieketroostersjoernaal is op 2 Januarie 1709. Daar word vermeld dat Piter Rinkel, 'n soldaat in diens van "De WelEd. Compaje", nadat hy twee maande lank "een sickten te hebben", in die Here ontslaap het in die namiddag tussen twee- en drie-uur.

Die volgende inskrywing spring na 15 Junie 1709, toe genoteer is dat Fredrik Essenaar, soldaat, omtrent drie- tot vieruur in die vroeë oggend in die Here ontslaap het.

Sowat drie weke later sterf nog 'n soldaat, Jant Hoopt van Hamburg "met ene zubite doot in den Heere ontslapen".

Nou volg sterfgevalle vinniger op mekaar. Nog in Julie word aangeteken 'n treurige ongeluk: "omtrent Middernagt is Antonie Fredrikz van Amsterdam op een droevige wijse uijt het galjoen[3] gevallen en verdronken".

Op 20 Julie 1709 omtrent nege-uur "is Jan Mom, Bottelar, in den Heere ontslapen" en dieselfde aand om sewe-uur is die lyk oorboord gestel. En dieselfde dag, net voor middernag, is die matroos Hendrik van Essen in die Here ontslaap.

Drie dae later "ontrent des Middags is Casper Hardkop in den Heere ontslape zynde Matroos". En nog dieselfde aand sterf ook Dirk Koster, soldaat.

Vroeg in Augustus 1709 volg Maarten Kerk, "soldaat der Ed. Compajie", tussen 11- en 12-uur in die namiddag.

Omtrent agtuur in die aand, op 10 Augustus, volg die matroos Jan van Muijen, "in den Heere ontslapen". En omtrent middernag, noteer die sieketrooster, "is Willem Claasz in den Heere ontslapen, soldaat der Ed. Ostinjge Compajie".

Vier dae later sterf Hans Jurrien Adelaar, soldaat; en op die 15de Augustus verloor die *Amasone* sy oppertimmerman, Gerrit Hendrikz. Hendrikz word begrawe op die eiland Sao Tomé[4] waar die vaartuig byna 'n maand vertoef.

Op 21 Augustus 1709 volg die *Amasone* se opperkok, Hendrik Engelenberg; en die volgende dag sterf ook Andries Janz. van Dupon, skeepstimmerman, wat op die eiland Sao Tomé ter aarde bestel word.

Op 25 Augustus 1709 sterf Hendrik Mekelenburg, 'n konstabel. Waar sy liggaam besorg is, word nie vermeld nie. Op 24 September 1709, op 'n Dinsdagoggend omtrent nege-uur, teken die sieketrooster aan dat daar "een actie" plaasgevind het teen 'n Franse skip, 'n kaper of seerower, en in die seeslag het geval Goosen van Ossanen en Jan van Berklekom, albei matrose van die Edele Oos-Indiese Kompanjie. En ook op dieselfde dag sterf Abraham Hecker, soldaat in diens van dieselfde Kompanjie. Die vierde ongeval in die seeslag sterf heelwat later, op 7 Oktober 1709. Dit is Christoffel

3. Die galjoen is die uitbouing aan die boeg (of die roosterwerk onder die uitbouing) van 'n groot seilskip.
4. Dit is 'n eiland in die Golf van Guinee in Portugese besit. Die sieketrooster skryf "St. Ome(e)".

Wijlag (?) en wel "van een wonde in zijnen arm, in de acti van vyand hadde gekregen".

Na dit wil voorkom, sluit die laaste inskrywing die "Juurnaal" wat deur die titel gedek word, af, en word 'n verdere reis deur latere inskrywings in dieselfde handskrif kortliks aangedui.

Sowat 3½ maande later volg die volgende gebeure. Die *Amasone* het nou gevorder op pad na Oos-Indië en lê op 18 Februarie 1710 reeds in Tafelbaai. Op dié Maandagoggend sterf Cornelis Jansz Tuihnman, "Botteliersmaat en Matroos" daar "int sieken Huijs". Oor die reis van die Kaap na Batavia word niks genoteer nie.

Toe die reis vanaf Batavia na Suratte in Voor-Indië voortgesit is, vind die volgende sterfgeval eers op 9 September 1710 plaas.[5] Omtrent twee-uur in die nag ontslaap Jan van der Poel, soldaat.

Agt dae later volg Tuenis De Roij, "maat der Ed. Compajie".

Op 15 Oktober 1710 volg die laaste, en ietwat onduidelike, inskrywing. Om eenuur die Woensdagmiddag is Alickzander, "jongen der Ed. Compajie" in die Here ontslaap. Dit lyk asof die sieketrooster 'n ruimte gelaat het om "Alickzander" se van nog in te skrywe, maar dit nagelaat het.

Sover gaan die fragment van die joernaal van die sieketrooster. Wat is sy historiese betekenis? Dr. J.P. Claasen, die gesaghebbende oor die geskiedenis van sieketroosters in Suid-Afrika, deel die skrywer van hierdie artikel mondeling mee dat aangesien sieketroosters nie verplig was om dagboeke te hou nie, hierdie soort dokument uiters skaars is. Hyself het nog nie so 'n formele joernaal teengekom nie.[6]

Om die betekenis van die joernaal te kan bepaal, moet eers meer gegewens oor die *Amasone* en sy reis of reise ingewin word; en dan moet die skrywer geïdentifiseer word.

In die Kaapse Argiefbewaarplek is die Dagverhaal wat in die Kasteel aan die Kaap gehou is, vanselfsprekend die eerste bron wat geraadpleeg moet word. Op Maandag, 10 Februarie 1710, noteer die Dagverhaal dat die uitkykpos op Leeukop die môre die vaartuig waarvoor die vorige dag reeds seinskote geskiet is, in gesig gekry het. In 'n suidoostewind kom teen omstreeks 5 namiddag die lank verwagte *Amasone* met 'n salvo te anker. Dit blyk dat die vaartuig onder skipper Meerlaan vroeg in Desember 1708 reeds uit die hawe Texel geseil het.[7] Dit was dus die hele 1709 op pad na die Kaap.

Aangesien die Nederlande toe reeds lank in die Spaanse Suksessieoorlog teen Frankryk en Spanje gewikkel was en vir Groot-Brittanje as bondgenoot gehad het, het die skipper van die *Amasone* dit verstandig geag om, ter wille van beter beveiliging op die eerste gedeelte van sy uitreis, verskeie Engelse hawens aan die oorkant van die Engelse kanaal in te vaar. Op 20 April 1709, toe dit reeds ver in die Suidelike Halfrond

5. Later sal blyk dat dit 'n plaaslike reis in Oos-Indië kortliks dek. Uit die sieketrooster se joernaal is dit nie duidelik nie.

6. Vgl. J.P. Claasen, *Die Sieketroosters in Suid-Afrika 1652—1866* (Pretoria, 1977) en sy studie *Die Eerste Sieketroosters aan die Kaap 1652—1665* (ongepubliseerde M.Th.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1969). Dit is die standaardstudies oor die Suid-Afrikaanse sieketroosters.

7. C.602: Dag Register Origineel 1710—1712, pp.31—32 (Kaapse Argiefbewaarplek). Volgens die Scheepsmonsterrol Amsterdam 111 (in die Algemeen Rijksarchief, Den Haag), vermeld in dr. G.J. Schutte se brief aan my, gedateer 31 Januarie 1978, het die *Amasone* blykbaar op 6 November 1708 uit Texel geseil.

kon gewees het, het dit eers uit Plymouth vertrek.[8] Van nou af aan sou die vaartuig lank op see vertoef en aan groot oorlogsrisiko's blootgestel wees. Hoewel die presiese roete uit die Britse kanaalhawe nie vasgestel kan word nie, moet aanvaar word dat 'n wye westelike draai in die Atlantiese Oseaan gemaak is om die Golf van Biskaje en die Iberiese Skiereiland behoorlik te vermy. Dat dit 'n besonder wye draai was, getuig die joernaal van die sieketrooster. Teen Julie en Augustus 1709 sterf daar 'n hele aantal van die bemanningslede, wat ter see begrawe word. Volgens die Kaapse Dagregister moes die *Amasone* sedert sy vertrek uit Plymouth toe reeds bykans vier maande in die noordelike en die suidelike Atlantiese Oseaan deurgebring het.

Dit was eers op 12 Augustus 1709 dat die vaartuig die Portugese eiland Sao Tomé in die Wes-Afrikaanse Golf van Guinee aangedoen het.[9] Van daar lê nog die vaart langs die suidelike deel van Afrika voor — skynbaar in veiliger waters. Maar dit is 'n ongesonde tropiese gebied. Op 14 Augustus 1709 sterf die soldaat Jurrien Adelaar; onmiddellik gevolg deur die oorlye van die oppertimmerman, Gerrit Hendrikz, wat op Sao Tomé begrawe word. Binne 'n week volg die opperkok, Hendrik Engelenburg, en die skeepstimmerman, Andries Janz van Dupon. Ook voor die einde van Augustus sterf konstabel Hendrik Mekelenburg. Na byna 'n maand, op 9 September 1709, vertrek die *Amasone* van die Portugese eiland.[10]

Die Kaapse Dagverhaal bevestig dat die seegeveg met die Franse kaper op 24 September plaasgevind het "omtrent Caap de Loop" (Kaap Lopez, net suid van die ewenaar, en vandag op die kus van die Afrikastaat Gabon). Die vyand het oor 36 kanonne beskik, en 'n hewige geveg het gevolg. Volgens die Dagregister het die *Amasone* "furieuselijkz geresisteert". Die Nederlandse vaartuig ly heelwat skade. Onder meer kry dit 'n kanonkoeël deur sy groot mas. Drie van sy manskappe sneuwel in die slag en 'n vierde sterf ses weke later van 'n wond in sy arm opgedoen tydens die geveg.[11] Vermoedelik het die *Amasone* oor 26 tot 38 kanonne beskik[12] en kon sodoende sy man goed staan. Die geveg het onbeslis geeëindig en die *Amasone,* nadat al die skade so goed as moontlik versorg en herstel is, het ses weke lank aangesukkel om Sao Paulo de Luanda (vandag Luanda) in Angola te bereik. Dáár is 14 dae gebruik om die vaartuig behoorlik toe te rus en aan sy bemanning vars voedsel te verskaf.

In Kaapstad is later gerapporteer, en dit word ook so in die Dagverhaal genoteer, dat die *Amasone* met 162 man van Nederland uitgevaar het. Drie man is in Plymouth gewerf. Sestien man het aan boord gesterf (in die joernaal van ons sieketrooster word hulle by name gespesifiseer, vyftien aan siekte, een verdrink); daar was vier ongevalle in die seeslag, soos reeds vermeld; terwyl twee siekes na Tafelbaai gebring is. Wat merkwaardig is, is dat nie minder nie as 27 man in Engeland, by Sao Tomé

8. *Ibid.*, p.32.
9. *Ibid.* Alle besonderhede, hier en later, oor bemanningslede wat te sterwe gekom het, is uit die joernaal gehaal.
10. *Ibid.*
11. *Ibid.*
12. C.R. Boxer deel mee in sy Annual Lecture 1962, getiteld "The Dutch East-Indiamen: Their sailors, their navigators, and life on board, 1602—1795", *The Mariner's Mirror*, vol. 49, no. 2, Mei 1963, dat die Here XVII in 1697 besluit het om in die vervolg slegs drie soorte groot Kompanjieskepe te bou. Die swaarste gewapende tipe sou oor 38 kanonne beskik, die tweede tipe sou 36 hê en die derde tipe 26 (p.83).

en by Sao Paulo de Luanda gedros het.[13] Die sieketrooster het besluit dat dit hom nie aangegaan het nie en verswyg dit heeltemal.

Laat in Oktober 1709 moes die *Amasone* van Sao Paulo de Luanda vertrek het om eers teen 10 Februarie 1710 Tafelbaai te bereik. Die lang laaste skof van 3½ maande het die uitreis van Texel na Tafelbaai tot sowat 15 maande laat uitrek. Gesien die buitengewone lengte van sy reis en die ongesonde plekke op en digby die ewenaar waar die *Amasone* aangedoen het, was die sestien dooies (as die ongevalle in die seegeveg buite rekening gelaat word) uit die oorspronklike 162 man nie besonder hoog nie.[14]

Agt dae na die *Amasone* se aankoms in Tafelbaai sterf Cornelis Janz Tuÿnman, botteliersmaat, in die Kaapstadse hospitaal. Daar geniet hy die aandag van ons sieketrooster wat nou dié hospitaal beter leer ken; wat vir sy latere loopbaan belangrik sou wees. Dat die *Amasone* nog weke lank in Tafelbaai gelê het, blyk uit twee besluite van die Politieke Raad aan die Kaap. Op 26 Februarie 1710 dien daar 'n versoek van die sersant van die vaartuig voor die Politieke Raad waarin hy kla oor die kwaaie gevoelens teenoor hom getoon gedurende die seereis deur die kaptein en die opperstuurman. Hy vra om op die verdere reis na Batavia op 'n ander skip oorgeplaas te word. Om alle verdere moeilikhede te voorkom, word besluit dat hy aan boord die *Abbekerk* sou gaan.[15] Op 7 Maart 1710 gee die Politieke Raad aandag aan nog 'n aanstellings- en bevorderingsprobleem op die *Amasone*.[16]

Hoewel die datum waarop die *Amasone* die Kaap verlaat het, nie vasgestel is nie, arriveer hy uiteindelik op 4 Julie 1710, tesame met die *Abbekerk,* te Batavia.[17] Gedurende 9 September tot 15 Oktober 1710 vind 'n verdere drie sterfgevalle aan boord plaas. Dit geskied nie na die heilsame verversingspouse aan die Kaap nie, maar op 'n voortsetting van die *Amasone* se reis na Suratte.[18] Later blyk dit dat die *Amasone* ook na Cochin moes gaan om peper in te laai. So het dit gebeur dat die *Amasone* teen 14 Augustus 1711 terugkeer na Batavia.[19] Teen die einde van November 1711 vertrek die vaartuig uit die Ooste na Amsterdam tesame met ander tuisvarende skepe. Aan boord is 'n vrag ter waarde van *f*280 204.[20] Onder bevel van dieselfde skipper doen dit op 15 Maart 1712 weer die Kaap aan, met die voornemens om binne sowat 'n week saam met drie retoerskepe na die vaderland te vertrek.[21]

13. C. 602: Dag Register Origineel 1710—1712, p.32 (Kaapse Argiefbewaarplek). Die dagregister skryf Loando St. Paulo.
14. C.R. Boxer vertel in sy bovermelde Annual Lecture 1962 dat van die bemannings van 27 van die Kompanjie se uitvarende skepe gedurende 1768—1769 byna een uit ses gesterf het. In 1782 het selfs 43% van die bemannings van 10 Kompanjieskepe gesterf voordat hulle op hul uitvaart die Kaap bereik het (p.86).
15. C. 602: Dag Register Origineel 1710—1712, p.67 (Kaapse Arlgiefbewaarplek).
16. H.C.V. Leibbrandt, *Precis of the Cape Archives, Journal 1699—1732* (Kaapstad, 1901), p.226.
17. W.P. Coolhaas (red.), *Generale Missiven van Gouverneurs-Generaal en Raden aan Heren XVII der Verenigde Oostindische Compagnie,* VI: *1698—1713,* Rijks Geschiedkundige Publicatiën Grote Serie 159 ('s-Gravenhage, 1976), 29 November 1710, p.663.
18. *Ibid.*, IV, 29 November 1710, p.702. Vgl. ook die joernaal.
19. *Ibid.*, IV, 29 November 1710, p.703 en VII, 30 November 1711, p.789.
20. *Ibid.*, VII, 30 November 1711, p.807.
21. A.J. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, Suid-Afrikaanse Argiefstukke No. 4* (Kaapstad, 1962), IV, p.264 en voetnoot 43.

Die *Amasone* sou weer na die Ooste vaar. In 1715 het W[m] Ruyter van Nimwegen (Nÿmegen) bv. in die vaartuig aan die Kaap aangekom.[22] In Maart 1718 word sy gebrekkige toestand as retoerskip uit Seilon in Tafelbaai ondersoek. Jan van Hessel (of Hessels) is nou sy skipper.[23]

Met die hulp van dr. G.J. Schutte van die Vrije Universiteit, Amsterdam, was dit moontlik om die identiteit van die sieketrooster op die *Amasone* tydens die reis van 1709 tot 1710 vas te stel. Uit die Scheepsmonsterrol, Amsterdam 111, wat in die Algemene Rijksarchief, Den Haag, berus, kon dr. Schutte bepaal dat Jan van den Oever, van Gorcum, ons sieketrooster was.[24] Gorcum (Gorinchem) lê suid van Utrecht en suidoos van Rotterdam in die provinsie Holland. Aangesien Jan van den Oever in 1712 die vader van 'n chirurgyn in diens van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie was, was dit duidelik dat hy reeds minstens middeljarig was en 'n sieketrooster met heelwat ervaring van die lewe. Adriaan, sy seun, was uit Amsterdam, soos ook sý vrou, Judith Micker, wat in 1715 na die Kaap vertrek. Adriaan sterf in 1716. Hy laat drie kinders agter, waarvan die oudste twee hulle in 1728 in Nederland bevind. Die jongste bly by sy moeder aan die Kaap woon.[25]

Oor Jan van den Oever se persoonlike sake is min bekend. Ons weet nie of sy vrou in 1710 nog gelewe het nie. Dit is ook nie bekend wat sy loopbaan was voordat hy die reis op die *Amasone* wat hierbo beskryf is, tydens 1708 tot 1710 onderneem het nie. Wat ons wel weet, is dat hy toe *f*30 per maand as sieketrooster verdien het.[26] Hy bly aan op die *Amasone* tot 31 Augustus 1711. Daarna tree hy in diens op 'n aantal ander skepe. Op 6 Maart 1715 word in die Scheepsmonsterrol aangeteken dat hy op sy versoek met "stilstand van gagie" aan die Kaap agterbly, en dat die posisie voortduur tot 31 Augustus 1715.[27]

In die Kaapse monsterrol van 1716 word hy vir die eerste keer in dié jaar as krankebesoeker aan die Kaap aangeteken.[28] Dr. J.P. Claasen gee in sy lys van sieketroosters

H.C.V. Leibbrandt, Precis of the Cape Archives, Requesten, P-R, 1715—1806, 11 Julie 1719, no. 52, p.905A, (Mss. Kaapse Argiefbewaarplek).

23. G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, Suid-Afrikaanse Argiefstukke* No. 5 (Kaapstad, 1964), V, Resolusie van 16 Maart 1718, pp.264—267 en 270.

24. Dr. G.J. Schutte se brief aan my is gestuur uit Hilversum onder datum 31 Januarie 1978. Verdere algemene advies en hulp i.v.m. hierdie artikel is deur dr. Schutte verleen. Dit word met waardering erken.

25. M.O.O.C. 8/5: No. 20, Inventaris van Jan van den Oever se besittings; M.O.O.C. 10/3: No. 78, Vendurol; M.O.O.C. 13/1/2: No. 51, Boedelrekening; M.O.O.C. 7/1/3: No. 51, Testament, Adriaan van den Oever; M.O.O.C. 14/2: No. 101, bylae tot Boedelrekening (inligting vervat in brief van Hoof, Kaapse Argiefbewaarplek aan my, 21 Februarie 1978). Graag bedank ek mej. M. Potgieter vir die opdiep van dié waardevolle inligting. Vgl. verder De Villiers-Pama, *Geslagregisters van die ou Kaapse Families,* II, L-R (Kaapstad en Amsterdam, 1966), pp.663—664.

26. Scheepsmonsterrol, Amsterdam 111, folio 12 (soos meegedeel deur dr. G.J. Schutte in sy bovermelde brief van 31 Januarie 1978). C.R. Boxer sê dat krankebesoekers en sieketroosters 30 tot 36 floryne per maand betaal is. Vgl. *The Dutch Seaborne Empire 1600—1800* (Londen, 1965), pp.301 en 303.

27. *Ibid.* Dit het beteken dat hy verkies het om sonder salaris sowat ses maande lank aan land te gaan. In sy lys van sieketroosters gee C.A.L. van Troostenburg de Bruyn in sy *Krankbezoekers in Nederlandsch Oost-Indië* (Amsterdam, 1902), 'n Jan van den Oever wat ons sieketrooster kon wees. Hy het naamlik in 1710 uit Nederland by Batavia aangekom om in November 1714 op die *Generale Vrede* van daar te vertrek (p.58).

28. V.C. 41: Monsterrol van 1716 (soos meegedeel in brief van Kaapse Argiefbewaarplek, 21 Februarie 1978).

in Suid-Afrika as no. 21 aan J. van den Oever, en die jare waartydens hy aan die Kaap sou gedien het van 1710 tot 1727.[29] Uit Van den Oever se joernaal is dit nou duidelik dat hy slegs tydens 'n kort besoek in 1710 op die uitvarende *Amasone* in die Kaapse hospitaal werksaam was, en dan meer spesifiek om siekes uit sy eie skip te besoek. Aangesien die permanente sieketrooster aan die Kaap gemeentelike werk moes verrig tesame met sy arbeid in die hospitaal, en hy dit reeds veeleisend gevind het, sou Van den Oever as gesalalieerde sieketrooster in diens van die Kompanjie, natuurlikerwys, by geleentheid in die hospitaal addisionele diens verrig het.[30] As bejaarde sou Van den Oever hom op hospitaalwerk aan die Kaap toespits waar hy siekes en sterwendes kon vertroos. Uit die inventaris van sy eiendom blyk dit dat hy in 1728 'n huisie en erf in die Tafelvallei besit het.[31] Van daar kon hy dus gereeld hospitaalbesoeke aflê.

In Oktober 1718 verklaar die Kaapse Kerkraad aan die Politieke Raad in Kaapstad dat daar toe twee krankebesoekers was. Terwyl Jan Mahieu van Amsterdam die kerkdienste waargeneem het en die siekes in die gemeente besoek het, was dit Jan van den Oever "sijnde een man van hooge jaren", wat die soldate in die fort en die hospitaal bedien het. Die gemeente het reeds so gegroei dat die werk baie toegeneem het.[32]

Vier jaar later word spesifiek na Van den Oever verwys as "dienstdoende in S.E. Comps. hospitaal".[33] Dit is dus duidelik dat Van den Oever sedert 1715 pal in die hospitaal in Kaapstad gewerk het. Soos uit sy skeepsjoernaal blyk, het hy sy werk as sieketrooster gesien as gereelde diens aan siekes wat aan hul beddens gekluister was, en sy hoogste taak om sterwendes vir die dood voor te berei. Met die sterk groei van die Kaapstadse gemeente het Van den Oever, wat toe hy reeds hoogsbejaard was, nog sowat 13 jaar 'n belangrike werk in die Kaapse hospitaal verrig. Reëlmatige uitbetalings van sy salaris volg in die boeke van die N.O.I.K. tot 26 Mei 1728.[34] Dat sy goeie werk toe afgesluit is, blyk eweneens uit die Kompanjie se boeke: sonder om 'n testament te maak, is Jan van den Oever van Gorcum, die skrywer van ons joernaal, aan die Kaap vermoor.[35]

Die amp wat Jan van den Oever beklee het, was 'n relatiewe beskeie pos in die uitgestrekte oorsese ryk van die N.O.I.K. Op die Kompanjie se stadige seilskepe, wat twee keer deur die trope moes seil, was die sieketrooster of krankebesoeker se pionier-

29. *Die Sieketroosters in Suid-Afrika 1652—1866,* Bylae 4, p.270.
30. *Ibid.*, pp.128—129.
31. M.O.O.C. 8/5: No. 20, Inventaris, Jan van den Oever. Hoewel nie ryk nie, was hy ook nie arm nie. Hy het geen slawe besit nie. Sy erfgename het tesame sowat *f*3478 ontvang. Vgl. M.O.O.C. 13/1/2: No. 51.
32. G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad,* V, Resolusie van 25 Oktober 1718, pp.309—310.
33. Claasen, *Die Sieketroosters in Suid-Afrika 1652—1866,* p.129.
34. Scheepsmonsterrol, Amsterdam 111, folio 32 (soos meegedeel deur dr. G.J. Schutte in sy brief van 31 Januarie 1978).
35. *Ibid.* Die Criminele regts rolle vir 1728 in die Kaapse Argiefbewaarplek (C.J. 10) werp nie verdere lig op Jan van den Oever se dood nie. Die Hoof van die Kaapse Argiefbewaarplek rapporteer in sy brief van 21 Februarie 1978 dat dit ook nie moontlik is om die presiese datum van sy oorlye te bepaal nie. Op 21 September 1728 verwys die Politieke Raad slegs in 'n resolusie na die "ongeluckig om het leeven gekomenen krankbesoeker, Jan van den Oever", sonder om verdere besonderhede te verskaf. Vgl. G.C. de Wet (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, Suid-Afrikaanse Argiefstukke* Kaap No. 7 (Johannesburg, 1971), VII, p.444.

sarbeid 'n essensiële skakel in die handhawing van kulturele en beskawingstandaarde. Die krankebesoeker was allermins 'n spesialis. Aan spesialiste moes die Kompanjie 'n te hoë vergoeding betaal. Die krankebesoeker was 'n professionele plaasvervanger en assistent. In die kerk het hy, wanneer die predikant afwesig was, 'n goedgekeurde preek voorgelees. Andersins het hy die predikant bygestaan deur byvoorbeeld katkisante voor te berei en as voorsanger op te tree.[36] In die hospitaal het hy die mediese dokter gehelp met sy administratiewe pligte. Soos die naam van sy amp aandui, was hy veronderstel om die siekes te besoek en te vertroos.[37] Wanneer daar nie 'n onderwyser teenwoordig was nie, moes hy blanke, slawe- en inboorlingkinders onderrig in lees, skrywe en rekenkunde. Natuurlikerwys sou hy hom dan veral op godsdiensonderrig toespits sodat die kinders ook beter katkisante kon word. Na goeddunke het die Kompanjiesowerhede hom soms daarby baie ander pligte opgedra.[38] Onder meer moes hy as klerk optree, veeruil met die Hottentotte bevorder en as soldaat vyande verdryf. Hy was dikwels nie onwillig nie: sy karige salaris wou hy graag aanvul deur amptelike of nie-amptelike werk te onderneem.[39]

Sy taak was 'n ondankbare en hy is soms oorlaai met so 'n verskeidenheid pligte dat hy nie een taak deeglik kon verrig nie. Aan boord skip te midde van ruwe seelui moes hy nie alleen die fisiese gevare van 'n lang seereis — dikwels onderwyl oorloë in Europese waters en oorsee gevoer is — trotseer nie, maar is hy nie beskerm deur die hoë status wat aan die predikant verleen is nie. Die gewone, ruwe bemanning het hom beny sy beskeie status (maar wat tog bo hul eie nederige posisie was); en dan het hulle soms die lewe vir hom moeilik gemaak. Hy moes 'n idealis bly en 'n hardnekkige vasberadenheid aan die dag lê om dié beroep te bly beoefen.[40] Wanneer sy jare toegeneem het, is hy deur die bestendiger loopbaan aan land aangetrek — en veral deur die uitoefening van sy beroep aan die gesonde Kaap die Goeie Hoop waar teen 1710 'n gerieflike nuwe hospitaal opgerig was.[41] Teen hierdie tyd het die geriewe aan die Kaap Van den Oever se aandag getrek. Geen wonder dan dat hy besluit het om sy laaste jare daar deur te bring nie, veral toe sy seun ook daar as chirurgyn in diens getree het.[42] In

36. Claasen, *Die Sieketroosters in Suid-Afrika,* p.90 vlg. en p.148. Kyk verder A. Moorrees, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652—1873* (Kaapstad, 1937), p.11 vlg. en S.P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* (Kaapstad en Pretoria, 1953), p.19 vlg.
37. Claasen, *Die Sieketroosters,* p.116 vlg.
38. *Ibid.,* p.148. Kyk ook P.S. du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652—1795: 'n Kultuur-historiese studie* (Kaapstad en Johannesburg, 1937), p.24 vlg.
39. Claasen, *Die Sieketroosters,* p.189 vlg.; Du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie,* p.24.
40. C.R. Boxer, *The Dutch Seaborne Empire 1600—1800,* pp.136—137.
41. P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa its Medical History 1652—1898: a medical and social study* (Kaapstad, 1971), p.23; J.H. Louw, *In the Shadow of Table Mountain: a history of the University of Cape Town Medical School and its associated teaching hospitals up to 1950* ... (Kaapstad, 1969), p.5; C. Searle, *The History of the development of Nursing in South Africa 1652—1960* (Pretoria, 1965), p.51 vlg.; A.J. Böeseken, Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de-eeuse samelewing aan die Kaap (*Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* jrg. 7, 1944, pp.146—147).
42. De Villiers-Pama, *Geslagregisters,* II, pp.663—664.

sy rustiger bestaan sou hy die geluk smaak om sy kleinkinders voor hom te sien opgroei — voor die finale tragedie sy nuttige lewe afgesny het.[43]

Dit blyk dan nou dat hy, en nie sy seun nie, die stamvader van die Van den Oeverfamilie aan die Kaap was.[44] Albei het hulle op hospitaalarbeid toegelê: die seun op die fisiese, die vader op die geestelike behoeftes van die soms honderde siekes wat tegelyk genesing aan land op die halfwegstasie tussen Ooste en Weste, Suide en Noorde gesoek het. Soos reeds aangetoon, is van Jan van den Oever se vroeëre lewe baie min bekend. Sy joernaal, wat ook die Kaapse hospitaal aansny, is deel van sy nalatenskap aan die land waar hy sy laaste jare deurgebring het. Na sy dood moes dit los geraak het van sy ander papiere; maar nietemin, en gelukkig, is dit aan die Kaap bewaar.[45]

Uit die fragment leer ons hom ken as 'n beskaafde idealis wat gesteld was op die geluksaligheid van skeepsbemanning op die buitengewone lang reis wat die *Amasone* tydens oorlogsgevare onderneem het. Gedurende 22 maande noteer hy die dag, of selfs uur, van afsterwe van 15 man wat saam met hom gevaar het. In die meeste gevalle voeg hy by dat hulle "in den Heere" die tydelike met die ewigheid verwissel het. Of hy hom in elke geval persoonlik vergewis het van die werklike toestand van die sterwendes se geestespeil in hul laaste uur, hang af van sy gewetensingesteldheid. Of hy by elke sterfgeval wat hy so beskryf werklik teenwoordig was, kan ook nie met absolute sekerheid uit sy woordgebruik afgelei word nie. Het hy dit werklik bedoel, of het hy bloot die gewone vrome taal van sy tyd gebruik? Dit is moeilik om vandag met sekerheid te bepaal hoe konsensieus Jan van den Oever was. Uit die studie van sy joernaal kan die leser self sy eie afleiding probeer maak.[46] Daar word die bondige gedagtegang van 'n vroeg-agtiende-eeuse sieketrooster, soos in sy dagboek uitgedruk, teruggevind. As sodanig is dit 'n betekenisvolle historiese dokument.

43. *Ibid.*; brief van Hoof, Kaapse Argiefbewaarplek, 21 Februarie 1978.
44. De Villiers-Pama, *Geslagregisters*, II, pp.663–664; brief van Hoof, Kaapse Argiefbewaarplek, 21 Februarie 1978. De Villiers-Pama gee Adriaan van den Oever as die stamvader.
45. Vgl. onder meer M.O.O.C. 8/5: No. 20, M.O.O.C. 10/3: No. 78 en M.O.O.C. 13/1/2: No. 51.
46. Die jare na die ontslag van Wilhem Adriaen van der Stel, met sy dikwels baie gebrekkige dokumentasie, bring heelwat probleme na vore. Hierdie probleme is trouens eie aan navorsing in die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die vroeë 18de eeu. Om stilistiese redes, vermy ek 'n oormatige herhaling van uitdrukkings soos "in den Heere" in my artikel. Dit kom voor asof Jan van den Oever in sy joernaal tussen sterfgevalle onderskei. Terwyl by die heel eerste sterfgeval ook gewag gemaak word van Piter Rinkel se geloof in Christus, word by die oorlye van Dirk Koster, Maarten Kerk en Hendrik Mekelenburg slegs genoteer dat hulle gewoonweg gesterf het. Ook die manskap wat lank na die seeslag aan sy wonde sterf, is bloot "overleden".